Dinsdag 6 Oktober
Skrifgedeelte: Romeine 8:31-39 (AFR33/53)
Fokusgedeelte: Romeine 8:38-39 (AFR33/53)

## Meer as oorwinnaars!

Die tyd waarin ons leef word gekenmerk deur groot spanning en onsekerheid. Wat gaan van ons word? Hoe gaan ek deur hierdie of daardie situasie in my lewe kom? Hoe gaan ons ekonomies oorleef? Al meer mense ly aan spanning en uitbranding, want die druk van buite en van binne om te presteer is oorweldigend.

Maar wat van ons geloof? In sy brief aan die kerk in Rome skryf Paulus oor die groot wonder van geloof. Ons is uit genade gered, op grond van die verdienste van Christus deur die geloof wat die Heilige Gees in ons harte gewerk het. Ons is aangeneem tot kinders van God. Wat 'n wonder!

Maar tog is daar in ons huidige omstandighede nog groot lyding, waar die Gees ons swakhede te hulp kom. Daarom vra Paulus: Wat sal ons sê van al hierdie groot en wonderlike dinge wat aan ons oor verlossing vertel is in die vorige agt hoofstukke? Dit is so groot en so wonderlik, ons kan amper niks daaroor sê nie. Die implikasie daarvan is dat God vir ons is. As God vir ons is, wie kan teen ons wees? Niemand kan ons oorwin nie. God is vir ons!

God het reeds die grootste moontlike vir ons gegee. Hy het sy Seun nie gespaar nie, maar Hom vir ons oorgegee sodat ons verlos kan word. Daarom sal Hy alles wat kleiner en minder is sonder om te skroom ook aan ons gee.

Wat van al die beskuldigings wat die duiwel my mee aankla? Dit is ongeldig, Christus het vir my sondes gesterf en God self het my vrygespreek. Ek dra nie meer die skuld van my sonde nie. Dit is betaal! Maar is dit dalk moontlik dat verdrukking of benoudheid of vervolging of honger of naaktheid of gevaar of swaard ons van Hom kan skei? Nee, glad nie. Dit is onmoontlik. Want ons is meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het.

Daarom is daar niks wat ons kan skei van die liefde van God wat daar is in Jesus ons HERE nie. Nie die dood OF die lewe nie, nie engele OF owerhede OF magte nie, nie teenwoordige OF toekomende dinge nie. NEE, NIKS kan ons skei van God se liefde nie. So kan ons getroos leef, getroos deur die verlossing deur Christus en dat ons vasgehou word deur die liefde van God en dat niks ons ooit daarvan kan skei nie.

*Sing: Skrifberyming 5-4:1-6*

*Ds. AP (Peet) van der Westhuizen (Wolmaransstad)*